# Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Geneeskunde
# South African Medical Journal

**Posbus 643, Kaapstad** **P.O. Box 643, Cape Town**

Kaapstad, 27 Desember 1958 Weekliks 2s. 6d. Deel 32 No. 52 Volume 32 Cape Town, 27 December 1958 Weekly 2s. 6d.


## *Nuwejaarsgroete*
*van die*
## *President*

*Dr. R. Schaffer, President van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika, stuur die volgende boodskap van Nuwejaarsgroete aan lede van die Vereniging:*

Dit is vir my 'n aangename voorreg om my beste wense aan almal te stuur wat lede is van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika. Ek hoop dat die jaar 1959 vir ons almal 'n gelukkige en voorspoedige jaar sal wees.

Ek wil graag my dank uitspreek teenoor almal wat hul tyd en kragte aan ons belange gewy het. Aan die lede van die Federale Raad en aan die verskeie Takrade kom ons hartlike dank toe. Ook wil ek graag my besondere dank uitspreek aan die sekretarisse van ons Takke en Afdelings. Sonder hulle pogings en entoesiasme sou daar geen Mediese Vereniging wees nie.

Die belangrikste oogmerk by die stigting van die Vereniging was om die mediese en verwante wetenskappe te bevorder, en om die belange van die professie te behartig en sy eer te handhaaf. Dit kan slegs bereik word deur gereelde vergaderings van lede, nie net in die stedelike gebiede nie maar ook op die platteland. Ons het goed gevaar in 1958, maar dit moet nog beter gaan in 1959.

Ten einde die beste moontlike dienste aan ons lede te kan lewer, moet ons die beste

## *New Year Greetings*
*from the*
## *President*

*Dr. R. Schaffer, President of the Medical Association of South Africa, sends the following message of greeting for the New Year to members of the Association:*

It is my pleasure and my privilege to send good wishes to all who are members of the Medical Association of South Africa. I hope the year 1959 will be a happy and a prosperous one for us all.

I would like to thank all those who have given their time and their effort in our interests. The members of Federal Council and the members of the various Branch Councils deserve our thanks. I would in particular like to thank the secretaries of our Branches and Divisions. Without their efforts and enthusiasm there would be no Medical Association.

The most important objects for which the Association was established are to promote the medical and allied sciences and to maintain the honour and interest of the profession. This can only be done by having frequent meetings of members, not only in the larger centres, but also in the rural areas. We have done well in 1958 but must do better in 1959.

In order to render the best possible service to our members we need the best possible

moontlike organisasie hê. Hiervoor moet daar betaal word en ons moet gereed wees om al ons verpligtinge in hierdie verband na te kom.

Ons wil graag ons voltydse mediese sekretarisse en ons administratiewe personeel bedank—hulle het ons goed gedien.

Ons is bly om 'n nuwe redakteur, dr. A. P. Blignault, te kan verwelkom en ons is oortuig daarvan dat hy nie slegs die standaard van ons *Tydskrif* sal handhaaf nie, maar dat hy aan ons 'n verbeterde *Tydskrif* sal gee wat meer doeltreffend in die behoeftes van albei taalgroepe sal voorsien. Teenoor ons aftredende redakteur, dr. T. Shadick Higgins, wil ons ons opregte dank en waardering uitspreek. Ons is almal bly daaroor dat hy nog op 'n aktiewe manier in die *Tydskrif* sal bly belangstel.

In die geloof dat alles met ons in die toekoms wel sal wees, wil ek u almal 'n gelukkige en voorspoedige Nuwe Jaar toewens.

organization. This must be paid for and we must be prepared to pay whatever may be necessary.

We wish to thank our full-time medical secretaries and our administrative staff—they have served us well.

We are pleased to welcome a new editor, Dr. A. P. Blignault, and are confident that he will not only maintain the standard of our *Journal*, but will give us an improved *Journal* which will more adequately serve the needs of both language groups. Our retiring editor, Dr. T. Shadick Higgins, deserves our sincere thanks and appreciation. We are all pleased that he will still be actively interested in our *Journal*.

It is with confidence in our future that I wish you all a happy and prosperous New Year.